

SOMMER TERWYL JY SIT

Jenny Wren-materiale is beskikbaar by
vooraanstaande afdelingswinkels soos
JOHN ORR'S, GARLICK'S en
UNIEWINKELS.

Enige navrae kan gerig word aan
Texstyles International,
Tongaat Tel.(0322) 32104.



Skattige Warmwatersakke

POP MET ARMS/VOORSKOOTJIE

BENODIGDHEDE: Vir elke oortreksel: 2 stukke, elk 40 x 24 cm groot JENNY WREN-materiaal (suiwer katoenbatis); 1 stuk voering, 40 x 24 cm groot; 1 stuk dun watteersel, 40 x 24 cm groot; 1 stuk katoenflanel, 40 x 24 cm groot; 5 mm naattoelating is bygereken tensy anders vermeld.

'n Tweede stuk watteersel van 40 x 24 cm is opsioneel; dit word slegs benodig indien agterpant van watersakoortreksel ook gekwilt word. In dié geval word nog 'n stuk voeringmateriaal van 40 x 24 cm gebruik en die stuk flanel word weggelaat.

Die gesiggie wat 8 cm in deursnee is, asook die handjies word uit 'n oorskietstukkies pienk of vleeskleurige stof geknip.

Vir voorskootjie: Klein stukkies effe bypassende katoenbatis.

Vir hare: 'n Klein bolletjie DK-breigaring.

Vir afwerking: Ongeveer 1,5 m skuinsband; stukkies kant of broderie anglaise; 'n kleurvaste merkpén; drukknopies.

MATE: Om warmwatersak van 21 cm breed en 34 cm lank te pas.

KLEURSKEMA'S: Effe blou met Floral Lavender nr. 5716/03. Kew nr. 5730-07 (skakerings van pienk); Posy nr. 5719/06 met effe groen; Meadow Sweet nr. 5555/30; vir al die skema's is bypassende skuinsband en ander versierinkies nodig, indien verlang.

AANWYSINGS: Raadpleeg diagram vir mate om patroon te vergroot en knip 'n

patrijpatroon uit.

Knip 1 voor- en 1 agterpant (eenders) uit katoenbatis.

Knip ook 1 pant uit voering, 1 uit watteersel en 1 uit flanel.

Teken die gesig, arms en handjies op 'n afsonderlike stuk papier en knip uit.

Knip arms, handjies en gesiggie uit geskikte materiaal en ryg in posisie op voorpant vas.

Plaas watteersel tussen voorpant en voering, speld vas en sigsag al om rande om die drie lae materiaal aan mekaar vas te werk.

Werk flanel aan binnekant van agterpant vas.

Werk rafelrande van arms en handjies met satynsteek aan oortreksel vas. Werk gesiggie met sigsagsteek vas.

'n Stukkie kant of skuinsband kan soos 'n kragie onderom gesiggie vasgestik word. Stik ook kant aan gewriggies vas.

Indien sakoortreksel 'n voorskootjie kry, moet arms en handjies weggelaat word. Knip voorskootjie uit en sigsag dit in posisie vas, of werk dit met skuinsband af en stik dan in posisie vas.

Knip 18-20 stukkies wol of breigaring, elk 50 cm lank, en stik in middel, aan borand van gesiggie vas. Teken gelaatstrekke met merkpén. Vleg breigaring en bind vlegsels met strikkies of werk af soos verkies.

Werk drukknopies binne aan boonste rande vas om oortreksel te kan toeknip.

SLAAPSASSE

BENODIGDHEDE: Vir elke oortreksel: 2 stukke, elk 40 x 24 cm groot, JENNY WREN-materiaal (suiwer katoenbatis); 1 stuk voering, 40 x 24 cm groot; 1 stuk dun watteersel 40 x 24 cm groot; 1 stuk katoenflanel, 40 x 24 cm groot.

'n Tweede stuk watteersel van 40 x 24 cm is opsioneel; dit word slegs benodig indien agterpant van watersakoortreksel ook gekwilt word. Dan word nog 'n stuk van 40 x 24 cm voeringmateriaal gebruik en die flanel word weggelaat.

Vir lakentjie: 8 x 24 cm effe katoenbatis.

Vir sloop: 15 x 15 cm effe katoenbatis.

Vir gesiggie: Ronde stukke pienk oorskietmateriaal met deursnee van 5 cm.

Vir hare: Paar gram dik breigaring.

Oorskietstukkies kant en/of broderie anglaise; 110 cm skuinsband of smal kant om nate in die sye en onder af te werk; kleurvaste merkpén; 23 cm Velcro vir sluiting.

MATE: Om oor warmwatersak van 21 x 34 cm te pas.

KLEURSKEMAS: Mustardseed Spot nr. 2656/59 met effe pienk; Square Willow nr. 5813/01 met effe blou; Floral Meadow sweet nr. 5555/20 met effe groen; Tapestry nr. 5920/40 met effe beige. Vir al die skemas word bypassende skuinsband en ander versierinkies benodig soos verlang.

AANWYSINGS: Plaas watteersel tussen katoenbatis en voering. Speld vas en sigsag om 3 kante van voorpant (2 langes en een korte).

Doen dieselfde met katoenbatis, watteersel en katoenflanel vir agterpant.

Soom borand van voor- en agterpant 1 cm na binne om en stik soom vas.

Stik Velcro in posisie aan borande van voor- en agterpant vas.

Plaas 'kussingsloop' 2 cm van borand af en met 4 cm aan weerskante, op voorpant, speld kantjie om 3 rande van sloop vas en stik in posisie vas.

Plaas gesiggie ongeveer 8 cm onder boonste kussingslooprand en sigsag deur al drie lae materiaal aan voorpant vas.

Kwilt onderste deel van slaapsak met blokontwerp soos op foto gesien kan word tot by onderste rand.

Stik kantjie aan rand van 'lakentjie' vas.

Plaas lakentjie met regte kant onder, onderstebo op kussingsloop en stik dit dwars oor voorpant vas.

Slaan 'laken' terug sodat regte kant nou bo is en ongeveer 6 cm (sonder kantjies) sigbaar is.

Sigsag lakentjie deur al drie lae materiaal in posisie vas.

Knip 'n paar stukkies garing om hare voor te stel en plaas hulle in posisie om gesiggie. Stik vas.

Teken gelaatstrekke op gesiggie.

Speld voor- aan agterpant aan mekaar vas met voering teenaan voering en sigsag skuinsband of kant om 1 kort en 2 lang rande vas, soos op foto.

